# H O O F S T U K XI.

## Samevattende Gevolgtrekkings.

### 1. Breë Stroom van Ontwikkeling.

#### (a) Apartheid in die Algemeen.

Onbekend met die historiese agtergrond, volksontwikkeling, aard en karakter van die Hottentot, het die eerste blanke koloniste aan die Kaap, van die standpunt uitgegaan dat hulle sy vertroue en samewerking sal kry indien hy gekersten en verwesters kan word. Op hierdie grondslag is daar dus ook geen wesenlike rasseverskil gemaak nie. Dit het egter gou geblyk dat die Hottentot se werklikheidsbelewenis diepliggende kulturele, tradisionele en sedelike verskille toon, waarvan hy nie wil en kan afsien nie. Die gevolg was botsings in lewensbeskouing, wat in die praktyk sosiaal patologiese toestande geopenbaar het, wat die beskaafde christelike blanke nie slegs in lewens- maar ook in sedelike gevaar geplaas het. Om homself te handhaaf, het die blanke die nie-blanke beskou as staande buite die blanke gemeenskap.

Die tweede komponent van die nie-blanke rassegroepe in Suid-Afrika, die slaaf, het volgens westerse beskawing-standaard wel op 'n hoër trap as die H0ttentot gestaan en was uiterlik ook baie aantrekliker, maar die verskil in lewenstyl, sedes, gewoontes en godsdiens het tot gevolg gehad dat die slaaf hom nie op dieselfde wyse as die blanke in die westerse lewensmilieu kon inpas nie wat gevolglik aanleiding gegee het tot verskillende sosiale probleme waarvan onkuisheid, ontug en vermenging die grootse gevaar vir die voortbestaan van die blanke beskawing hier te lande ingehou het. Die slaaf se onvermoë om hom aan die westerse werklikheidsbelewenis, volgens westerse norms en bepalings oor te gee, het die gevolg gehad dat hy nie in die blanke gemeenskap opgeneem

is nie, maar as laagste stratum los daaraan toegevoeg is.

Die Boesman het in baie opsigte op nog 'n laer trap van beskawing as die Hottentot gestaan en het geen geseglikheid hoegenaamd teenoor die blanke geopenbaar nie, maar as geharde natuurmens het hy die blanke en sy beskawing ontwyk. Die enigste kontak wat hulle gemaak het, was in vyandige botsings as gevolg van eersgenoemde se roof- en moordtogte.

Die Bantoe wat die grootste gedeelte van die nie-blanke rasse in Suid-Afrika uitmaak, se ontmoeting met die blankes word gekenmerk deur die vyandigheid wat daarmee gepaard gegaan het. Roof- en moordtogte, soos in geval van die Boesman was aan die orde van die dag. Verder het die Bantoe 'n kultuur, volkstradisies en historiese agtergrond gehad wat radikaal van die blanke s'n verskil het. As heiden met bygelowe, ritusse en voorvaderlike godsverering, het hy 'n skrille kontras met die Calvinisties-christelike blanke gevorm.

Hierdie skrille kontras tussen die blanke en die nie-blanke het gelei tot apartheid. Die kontras het steeds groter geword namate die blanke meer kennis omtrent die nie-blanke opgedoen het, en dit al hoe duideliker geword het dat die nie-blanke hom nie volkome kan oorgee aan die westerse lewens- en wêreldbeskouing nie.

In die tussentyd het die blanke in die Kaapkolonie, veral die Boer op die verafgeleë platteland, 'n eie aard en karakter ontwikkel. As gevolg van swak verbinding het die invloed van die moederland en buitewêreld gaandeweg verflou. Nuwe klimaatsomstandighede, ander bodemsomstandighede, die onkeerbare drang na selfstandigheid en die gemeenskaplike nie-blanke gevaar het by die blanke inwoner by name die Boer, op die verafgeleë buitedistrikte 'n nuwe lewensbeskouing laat ontwikkel. Alhoewel hierdie lewensbeskouing ook uit die Calvinistiese leerstellinge

gegroei het, was dit nie meer Nederlands nie, maar Suid-Afrikaans. Met die Bybel as rigsnoer het hy sy lewensomstandighede en -opvatting volgens Suid-Afrikaanse vereistes ingestel, en een van hierdie vereistes was dat hy, wat die nie-blanke betref, in afsondering moes lewe indien hy sy voortbestaan wou verseker. Die weg van apartheid was dus vir hulle die enigste koers om te volg. Dit het ook gerasionaliseer geraak in sy godsdiensbeskouing waarin die beginsel van verskeidenheid binne die eenheid vasgelê is. Apartheid was dus vir die Calvinisties-christelike Boer 'n deur God ingestelde bepaling. Hy het na 'n eeu 'n rassebewussyn ontwikkel waarin hy hom onderskei van ander volksgroepe en veral van die nie-blankes.

Gedurende die laaste kwart van die 18e eeu maak die liberalisme, met sy beskouing van rassegelykheid ook sy verskyning in Suid-Afrika. In stryd met die beskouing van blanke-nie-blanke-skeiding, soos dit met die jare se ondervinding van die blanke uit sy aanraking met die nie-blanke ontwikkel het, word 'n nuwe denkrigting, wat presies die teenoorgestelde standpunt verkondig, ingevoer. Hierdie nuwe denkrigting wat in die begin van die 19e eeu sy beslag in Suid-Afrika gekry het, is met die tweede Britse oorname van die Kaap deur die Brits-imperialistiese owerheid en sendeling geïmplementeer. Die nie-blankes is op gelyke voet saam met die Hollandssprekende kolonis, as Britse onderdane by die Britse ryk ingesluit. Dit het baie gou duidelik geword dat die nie-blanke hom nie by die blanke gemeenskap kon inskakel nie. Die regte en voorregte wat die blanke beskawing aan hom toegesê het, het hy tot die uiterste misbruik. Sosiale wantoestande waardeur die blanke, veral die Boer op die Oosgrens, in lewensgevaar verkeer het, het hulle verskyning gemaak. Hoewel die liberalis deur middel van beswadderingsveldtogte die wantoestande die Boer ten laste ge-

lê het, het die onhoudbaarheid van die liberalistiese beskouinge na verloop van tyd al hoe duideliker in die praktyk op die voorgrond getree. Die liberalis self, moes noodgedwonge alhoemeer in die rigting van apartheid beweeg. Dit op sigself was vir die Boer 'n verdere bewys dat sy standpunt van apartheid die aangewese weg vir blanke selfbehoud in Suid-Afrika is, en het dus sy rassebewussyn verskerp.

Die wantoestande wat deur die Brits-liberalistiese beleid in die Kaapkolonie geskep is, het die Boer genoodsaak om dit te verlaat en elders onder eie bestuur sy eie heil uit te werk. Op sy Trekpad en later in die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek, is hy deur isolasie van vernietiging deur die swart massas bewaar. In apartheid het dus sy selfbehoud gelê.

Natal, wat in 1845 'n Engelse kolonie geword het, en waarvan die blanke bevolking later grotendeels Engelse was, kon, waar hulle omring was deur die Bantoe, ook nie die liberalistiese beleid ten volle deurvoer nie. Baie gou het hulle versoek dat daar 'n skeiding tussen hulle en die Bantoe gemaak moet word. Hierdie skeiding is later ook gehandhaaf tussen hulle en die Indiër.

Aan die einde van die 19e eeu was die posisie soos volg:

Die Kaapkolonie het die nie-blanke, wat 'n politieke gevaar begin word het, se regte op allerlei maniere ingekort. Daar was 'n duidelike beweging in die rigting van apartheid, alhoewel die liberalis dit probeer verbloem het.

In Natal is openlik gepoog om die skeiding tussen blank en nie-blank so groot moontlik te maak.

In die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek, is gepoog om die beginsel van apartheid sover moontlik uit te leef. Die beweging in die

rigting van apartheid was dus 'n voldwonge feit, selfs onder liberalistiese bestuur. Die Afrikaner se rassebewussyn, wat op niks anders as apartheid kon uitloop nie is verder versterk.

Gedurende die periode van Britse Suid-Afrika, is daar nie veel gedoen om apartheid te bevorder nie, maar omdat ook die Engelssprekende as gevolg van die ondervinding wat hy met die nie-blanke opgedoen het, nie ten gunste van blanke-nie-blanke-gelykstelling was nie is daar ook nie veel in die rigting van integrasie gedoen nie.

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, is die vraagstuk van skeiding weer aangepak, maar alvorens veel gedoen kon word, het die Wêreldoorlog van 1914-1918 die aandag van hierdie belangrike vraagstuk afgetrek. Na die oorlog is wel verskeie wette gepromulgeer om die toestroming van nie-blankes na blanke gebiede te beperk, maar die uitvoering van hierdie wette is nie getrou nagekom nie. Dit was grotendeels slegs die Afrikaner wat die stukrag agter die apartheidsbeweging was. Die Engelssprekende het dit wel aanvaar maar dit nie sy verklaarde beleid gemaak nie. Gedurende 1939-1945 het die Tweede Wêreldoorlog weer alle aandag in beslag geneem en is 'n laat-maar-vaar beleid ten opsigte van die nie-blanke vraagstuk beoefen. Gevolglik is baie blanke stede deur nie-blankes oorstroom.

In 1948 gee die Afrikaner weer daadwerklike aandag aan die probleem van blanke-nie-blanke-skeiding. Die owerheid het besef dat die daad nou by die woord gevoeg moet word indien verhoed wil word dat die blanke en sy beskawing nie geheel-en-al deur die nasionaalbewuswordende nie-blanke verdring word nie. Reeds bestaande wette is toegepas, wysigings is aangebring om apartheid meer effektief deur te voer en nuwe wette is gepromulgeer om 'n meer definitiewe rigting in die uitvoering van die

nieteenstaande heftige teenkanting is prysenswaardige vordering gemaak. Die Afrikaner besef dat sy voortbestaan as volk, en ook die rassevrede in Suid-Afrika, in aparte rasse-ontwikkeling lê. Soos hy aan homself 'n eie selfstandige ontwikkeling volgens vermoë gun, gun hy dit ook aan die nie-blanke rasse. Hierdie beskouing is gefundeer in die geskiedkundige agtergrond wat oor 'n periode van meer as 300 jaar strek. Gedurende hierdie periode is die Britse-liberalistiese standpunt ook uitgetoets, maar omdat dit lynreg teenoor die natuurlike beginsel van verskeidenheid staan, het dit nog steeds wanorde geskep. Dit het dan ook die Engelssprekende daartoe gebring om presies dieselfde lewenspraktyk ten opsigte van die nie-blanke te beoefen. Hierdie praktyk staan egter lynreg teenoor die amptelike standpunt soos verklaar deur die Engelsgesinde owerheidsweë. Hulle (die owerhede) protesteer nie slegs teen die wyse waarop apartheid geimplementeer word nie, maar teen apartheid as sodanig. Hierdie anomalie in baie Engelssprekendes se lewensteorie, in vergelyking met hulle lewenspraktyk, is te wyte aan die feit dat hulle in gees die nuwe wêreld-denke, waarvan Engeland 'n vurige ondersteuner is, wil navolg. Die lewenspraktyk is egter die toets wat aan die lewensteorie gestel word, en omdat die Engelssprekende se lewenspraktyk dieselfde is as die Afrikaner se lewens-praktyk, soos gebasseer op sy (die Afrikaner, s'n) lewens-teorie, het die Suid-Afrikaanse staatkundige standpunt in die 20ste eeu dieselfde geword as die Afrikander se leer en praktyk en die Engelse praktyk, veral vanaf die begin van die vyftiger jare toe die Afrikaner die staats-bestuur weer in eie hande gekry het.

Op die keper beskou, het die apartheidsdeurvoering nie die verwagte vordering gemaak nie. Dit is te wyte aan die mag en invloed wat die Liberalisme op die Suid-Afrikaanse staatswese uitgeoefen het, want nieteenstaande

die liberalistiese beskouinge nie in die praktyk ten volle beoefen kon word nie, het die Britse imperialis onverbiddelik daaraan vasgehou. Om die verowerde volke, afgesien van hulle taal, kultuur, tradisies, sedes, gewoontes, ras en historiese agtergrond, by die Britse imperium in te skakel, moes hulle rassebewussyn vernietig word terwille van die Britse imperiale gedagte. Hierin het die Britse liberalis in 'n groot mate geslaag, met die gevolg dat rasse-ineenstrengeling plaasgevind het, wat skeiding erg bemoeilik het. Die hele kwessie van apartheid was nie slegs om skeiding tussen blanke en nie-blank te hou nie, maar ook om skeidng te maak. Hierdie skeiding het nog ingewikkelder geraak omdat die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n groot mate van nie-blanke arbeid afhanklik is. In die apartheidstoepassing moet daar dus voorsiening gemaak word om die nie-blanke arbeid in blanke gebiede geleidelik te vervang. Die belangrikste taak in hierdie voorsiening, is om die blanke in Suid-Afrika aan te leer om sonder nie-blanke arbeid klaar te kom, iets wat hy op die oomblik baie kwistig gebruik, Dit moet in gedagte gehou word dat die nie-blanke arbeider met verloop van tyd in sy eie gebiede benodig sal word en dat sy arbeidswaarde in blanke gebiede al hoër sal word.
Apartheid kan ook nie tenvolle deurgevoer word indien ons ekonomie grotendeels op nie-blanke arbeid berus nie, en en die arbeider van vandag word dikwels die baas van môre.

## 2. Apartheid in die Skoolopvoeding.

Aangesien die skoolopvoeding deel van die gemeenskapslewe vorm, moet algemene apartheid noodwendig sekere konsekwensies in dié verband hê.

In die aanvangsjare van die Kaap, het die Hollandse owerheid en kolonies die verskil tussen hulle en die nieblanke nie op rasse - maar op godsdienstige grondslag gebaseer. Dit was egter die voorneme om die nie-blanke

te verwesters, deur hom te kersten en die Hollandse taal te leer. Hiertoe het die skool, wat baie nou aan die kerk verbonde was, hom die beste geleen. Gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank het dus logieserwys gevolg. Die doel was nie om die nie-blanke se kultuur te handhaaf en uit te bou nie, maar om dit te vernietig en hom dienstig te maak aan die westerse kultuur en beskouinge. Die nie-blanke kind moes sy eie kultuur ontgroei en deur middel van die skool, in die blanke se kultuur ingelei word. Hierdie onnatuurlike inpompingsproses van buite, het allerhande probleme veroorsaak. Die skoolopvoeding was vir die nie-blanke kind, as losstaande van sy huislike opvoeding, heeltemal vreemd en onbegryplik, met die gevolg dat hy uiters traag, en sy vordering baie onbevredigend was. Reeds in 1678 maak die kerk beswaar teen gesamentlike skoolopvoeding, met die gevolg dat die Politieke Raad besluit het dat alleenlik die slimste nie-blanke kinders die skole vir blankes mag besoek. Die skole het dus reeds baie vroeg in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika in die rigting van apartheid beweeg.

In 1685 bepaal Kommissaris Van Rheede dat daar skeiding tussen blank en nie-blanke moet wees en hierby was ook die skool inbegrepe. Hierdie bepalings is nie deurgevoer nie, met die gevolg dat gemengde blanke-nie-blanke skole dwarsdeur die bewind van die Oos-Indiese Kompanjie bestaan het. Dit is egter opmerklik dat die nie-blankes wat die skole bygewoon het, gewoonlik ver in die minderheid was, nieteenstaande hulle reeds vroeg meer as die blankes was. Daar is dus slegs vir individuele nie-blankes voorsiening gemaak, terwyl die gemeenskap verwaarloos is. Omdat die nie-blanke nie veel baat by die blanke onderwys gevind het nie, is sy skoolopvoeding nie as van veel belang geag nie. Gevolglik het dit

in 'n agterlike posisie gebly.

Met die opkom van die liberalisme was gesamentlike skoolopvoeding een van die metodes waardeur gepoog is, om blank en nie-blank op gelyke voet, as Britse onderdane, by die Britse ryk, in te skakel. Die nie-blanke, sowel as die blanke Hollandssprekende kolonis, se kultuur, taal tradisies, sedes en gewoontes moes verban word en in plek daarvan moes die skool aanbied, die Engelse kultuur, taal en lewensopvatting. Die skool moes die diepliggende rasseverskille vernietig en die blanke en nieblanke kind in dieselfde gemeenskap byeenbring.

Hierdie ideaal het nie daarmee rekening gehou dat die rasse- en volksverskille diep vasgelê is in die wese van elke volk nie, en dat 'n oppervlakkige nivellering lei tot geestesbotsings wat die individu in stryd bring met die vreemde en selfs met sy eie en hom in 'n niemandsland plaas waar hy los en afsydig staan van enige volksverband, volksverpligtinge, sedes, kodes, mores en verantwoordelikhede en gevolglik sosiaal-patalogiese toestande veroorsaak.

Aan die een kant moes die nie-blanke uitvind dat sy Engelse skoolopvoeding hom nie gelyke toelating met die blanke, tot die blanke gemeenskap gee nie. Aan die ander kant moes die liberalis uitvind dat hy nie die nie-blanke, wie se beskouing en kultuur radikaal van sy eie verskil, deur 'n westerse skoolopvoeding in 'n westerling kan omtower nie. Die huislike opvoeding, waar die grondslag vir sy werklikheidsbelewenis gelê is, het nog steeds die toon aangegee in sy doen en late.

Die blanke, en by name, ook die Engelssprekende blanke, het geprotesteer dat sy kinders onder dieselfde dak as die nie-blanke kind, hulle skoolopvoeding moet geniet. Om te verhoed dat die skoolwese in duie stort, moes die liberalis noodgedwonge in die rigting van

apartheid beweeg. Afsonderlike skoolgeboue vir blank en nie-blank het met verloop van tyd al meer geword totdat gemengde skole aan die einde van die 19e eeu in die Kaapkolonie en Natal, meer die uitsondering as die reël was.

In die Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek, is die Afrikanerbeskouing van apartheid in die skoolopvoeding gehandhaaf. Hierdie beskouing het saam met die Afrikaner se taal en godsdiens op sy privaatskole behoue gebly en is met die Trek oorgedra na die Republieke, waar dit onder eie bestuur wetlik vasgelê en beoefen is.

Soos reeds daarop gewys het die amptelike Suid-Afrikaanse staatkundige standpunt in die 20e eeu min of meer dieselfde geword as die Afrikaner se leer en die Afrikaner en Engelssprekende se praktyk, gevolglik is ook die skoolwese in die verband geraak. In die Kaapkolonie is die eerste wetlike skeiding op skoolgebied in 1905 ingestel, dit het egter slegs gegeld vir die distrikte wat daarom aansoek gedoen het, maar in die praktyk is dit reeds lank voor hierdie datum beoefen. Alhoewel skeiding toegepas is, wou die owerheid dit nie wetlik bevestig nie, want dit sou in stryd met die Engelse leer van rassegelykheid wees. Weer die teenstelling in leer en praktyk. Vanaf 1921 het skeiding vir alle skole dwarsdeur die Kaapprovinsie gegeld. Aan die een kant was die druk wat deur die gemeenskap op die provinsiale owerheid uitgeoefen is, daarvoor verantwoordelik en aan die ander kant het apartheid in die praktyk reeds so ver gevorder dat dit nie meer verbloem kon word nie.

In Natal het wetgewing aan die einde van die 19e eeu die toelating van nie-blankes tot blanke skole so bemoeilik, dat aparte skole vir blank en nie-blank teen 1910 'n voldonge feit was. In die Vrystaat en

Transvaal is aparte skoolopvoeding, na 'n paar floue pogings van die liberaliste om dit teen te staan, voortgesit.

Apartheid in die skoolopvoeding soos hierbo weergegee, het gegeld sover dit aparte skole vir blank en nie-blank betref het. Wat die beheer, doel, inhoud en metode betref was dit presies dieselfde as die van die blanke. Dit het nog uitsluitlik onder blanke beheer gestaan. Die doel met die nie-blanke se skoolopvoeding was nie om hom tot ontwikkeling van sy eie gemeenskap volgens eie aard, op te lei nie, maar om hom volgens westerse vorms te beskaaf en by die Suid-Afrikaanse ekonomie te laat inpas. Die skool het buite die nie-blanke gemeenskap gestaan, met die gevolg dat slegs 'n klein minderheid die substanderds oorleef het, en diegene wat verder gegaan het, het so vervreemd geraak van hulle eie gemeenskap dat hulle geen verpligtinge gevoel het om dit verder te dien nie. Wat die nie-blanke kind aan moedersknie geleer het, moes hy in die skool verleer, terwille vir die vreemde wat hom daar ingepomp is.

In plaas van die nie-blanke se gemeenskap op te bou, het die skoolopvoeding dit dus afgedruk. Die skool buite sy gemeenskap, het die nie-blanke ook 'n verkeerde begrip van skoolopvoeding laat vorm. Dit was vir hom slegs kwalifikasies wat hom in staat gestel het om groter geldelike voordeel binne die blanke gemeenskap te behaal. Laasgenoemde het hom dan ook tot die oortuiging laat raak dat sy skoolopvoeding nie van die blanke sin mag verskil nie, en enige verskille het hy as 'n poging beskou om 'n minderwaardige opleiding te gee.

Daar is reeds in die dae van die Oos-Indiese Kompanjie besef dat die nie-blanke nie dieselfde on-

derwys as die blanke behoort te ontvang nie. Later is dit ook weer dikwels herhaal. Om 'n verskil te maak, is pogings aangewend om in die geval van die nie-blanke meer op vakonderwys te konsentreer. Hierdie vakonderwys was egter net 'n ander rigting in die blanke se onderwys wat gevolg is. Die gevolg was dat die blanke ambagsman begin beswaar aanteken het, en aan die ander kant was die nie-blanke se vordering soos in die gewone onderwys baie onbevredigend. 'n Tweede metode wat gevolg is, was om die nie-blanke se onderwys op 'n laer standaard as die blanke s'n te stel. Ook dit het nie die probleem vereenvoudig nie. Die gevolg was dat die onderwysowerhede voor die probleem te staan gekom het, wat nou eintlik die geskikste onderwys vir die nie-blanke sal wees. Hierdie probleem het opgeduik omdat die owerheid nie wou insien nie dat die skool deel van die gemeenskap, en in diens van die gemeenskap, moet wees, en dat die skool as verlenging van die huis wat 'n integrale deel van die gemeenskap is, moet dien. Dat die skool nie slegs verantwoordelik is vir die bybringing van kultuur, sedes, gewoontes, tradisies en die hele gemeenskapslewe as sodanig. Bogenoemde gebreke is veroorsaak deur dat die nie-blanke gemeenskappe se selfstandige ontwikkeling met 'n eie aard en karakter, nie as uitgangspunte in die beplanning van sy skoolopvoeding gebruik is nie. Die skoolopvoeding het, op die keper beskou, nog altyd gedien om die nie-blanke by die blanke gemeenskap in te skakel, al was dit ook op die laagste stratum daarvan.

Daar was egter nietemin tog geleidelike vordering in die rigting van apartheid. Die nie-blanke onderwyser het die plek van die blanke onderwyser ingeneem, die nie-blanke se moedertaal het gaandeweg meer erkenning gekry en die besef dat die blanke se onderwys nie

nie geskik is vir die nie-blanke nie, het 'n algemene beskouing geword.

As gevolg van liberalistiese invloed en die onwilligheid van die nie-blanke om onderwys verskillend van die blanke te geniet het apartheid in die skoolopvoeding nie die nodige vordering gemaak nie. Dit was eers in die vyftiger jare van die 20e eeu dat apartheid in die onderwys, soos op ander gebiede, met daadkrag aangepak is. Dit is nie slegs onder aparte beheer geplaas nie, maar ook apart van die blanke gemeenskap waar dit natuurlikerwys hoort. Die nie-blanke ouer het self ook seggingskap gekry in die skoolopvoeding van sy kind. Die inhoud van die onderwys word gebaseer op die behoefte van die nie-blanke, soos bepaal deur sy gemeenskapslewe. Dit poog om die nie-blanke groepe as selfstandige rassegemeenskappe, tot eie ontwikkeling volgens vermoë en aanleg te lei, en by hulle 'n trots in hulle eie kultuur, taal en voorvaderlike erfenis aan te kweek. Dat dit na al die jare se beleid van skoolintegrasie en die teenstand van die liberalis 'n veeleisende en omvattende taak sal wees, behoef geen kommentaar nie, maar met die steeds toenemende samewerking van die nie-blanke, moet hierdie ideaal, wat berus op die natuurlike verskynsel van verskeidenheid ook binne die gemeenskap van volkere, verwesenlik word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat aparte skoolopvoeding eers werklik vrugte sal afwerp wanneer die nie-blanke die versekering het dat sodanige skoolopvoeding hom 'n versekerde bestaan in sy eie gebied sal besorg. Aparte skoolopvoeding staan dan nou verbonde met die ontwikkeling van die nie-blanke gebiede.